Post-2015 Ontwikkelingsagenda

In 1995 is die Millennium Ontwikkelingsdoelwitte (MODs) opgestel om uiterste armoede in sy vele aspekte aan te spreek. Die doelwitte verval einde 2015. VN Lidstate, die VN stelsel, burgerlike gemeenskapsorganisasies, akademia, navorsing-institute en ander belanghebbers wêreldwyd is tans betrokke by verskeie prosesse om 'n nuwe globale raamwerk vir volhoubare ontwikkeling te bewerkstellig – die post-2015 ontwikkelingsagenda.

Die post-2015 ontwikkelingsagenda het twee prosesse: een gelei deur Lidstate om Volhoubare Ontwikkelingsdoelwitte (VODs) te ontwikkel, en die ander by die Sekretaris-Generaal om te bespreek wat die MODs moet vervang. Hierdie prosesse sal bymekaarkom in een inter-regeringsproses om te werk na een globale raamwerk en stel doelwitte in September 2014.

Die Oop Werksgroep op VODs

Inter-regeringsproses

By die Verenigde Nasies Konferensie op Volhoubare Ontwikkeling (Rio+20), gehou in Rio de Janeiro in Junie 2012, het Lidstate toegestem om 'n proses te loods vir die ontwikkeling van 'n stel volhoubare ontwikkelingsdoelwitte, wat gelei het tot die ontstaan van die Oop Werksgroep (OWG) in Januarie 2013 deur besluit 67/555 (see A/67/L.48/rev.1) van die Algemene Vergadering. Die OWG, onder dedeelde voorsitterskap van die permanente verteenwoordigers van Hongarye en Kenia, het 30 setels wat gedeel word deur 70 Lidstate van die vyf streeksgroepe. Die OWG het vir 13 agtereenvolgende sessies ontmoet, van Maart 2013 tot Julie 2014, en het ingestem om 'n voorstel vir 17 doelwitte in te dien by die VN Algemene Vergadering aan die einde van die 13de sessie. Die Algemene Vergadering sal die voorgestelde doelwitte oorweeg as deel van gesprekke rakende die post-2015 ontwikkelingsagenda, wat na verwagting in September 2015 aangeneem sal word.

VN Sekretaris-Generaal

Post MODs

Die mandaat is geskep na die 2010 Hoëvlak Voltallige Vergadering van die Algemene Vergadering oor MODs versoek het dat die VN Sekretaris-Generaal jaarliks verslag doen oor vordering met implementering van die MODs. As deel van die mandaat is verskeie prosesse onderneem, insluitend die werk van die VN Stelsel Taakmag; streekskonsultasies; globale, tematiese, nasionale konsultasies; verslag van die Hoëvlak Paneel van Eminente Persone vir die Post-2015 Ontwikkelingsagenda; verslag van die Volhoubare Ontwikkeling Oplossingnetwerk; konsultasies van die VN Globale Verdrag; VN Nie-regering Skakeldiens; verslag van die Sekretaris-Generaal – *A Life of Dignity for All*; en President van die Algemene Vergadering se spesiale gebeure op die Post-2015 Ontwikkelingsagenda.

Ander Relevante Inter-regeringsprosesse

- Inter-regeringskomitee van Kenners op Volhoubare Ontwikkeling Finansiering Hierdie liggaam van kenners is geskep om opsies te evalueer en voor te stel vir doeltreffende finansiering van volhoubare ontwikkeling. Dit werk parallel met die OWG op VODs onder die beskerming van die Algemene Vergadering, en moet 'n verslag voorberei teen September 2014.
- Hoëvlak Politieke Forum Hierdie liggaam is 'n universele interregering hoogste vlak liggaam vir volhoubare ontwikkeling binne die VN stelsel, en is bedoel om die Kommissie op Volhoubare Ontwikkeling te vervang. Dit word verwag dat die liggaam die tuiste sal word van die VODs, en sal verantwoordelik wees vir implementering en monitering.

Burgerlike gemeenskappe en ander belanghebbers is aktief betrokke regdeur hierdie prosesse. Een van die primêre formele meganismes is deur die Hoof Groep stelsel om binne die raamwerke van die OWG en Hoëvlak Politieke Forum deel te neem. Bo en behalwe die formele enes, is die burgerlike gemeenskap ook betrokke by informele inisiatiewe wat geskep is om in te skakel en bevordering van 'n volhoubare ontwikkelingsagenda te koördineer.

VOLGENDE STAPPE: Hieronder is 'n oorsig van opkomende gebeure en verrigtinge wat sal inlei tot die onderhandelinge en aanneming van 'n nuwe globale raamwerk vir die uitwis van armoede deur volhoubare ontwikkeling.

- *President van die Algemene Vergadering se Hoëvlak Oorsig Geleentheid* (11–12 September 2014): Die President sal 'n opsomming verskaf van die post-2015 prosesse en konsultasies, wat sal inskakel by die VN Sekretaris-Generaal se samevattende verslag oor die post-2015 ontwikkelingsagenda.
- *VN Sekretaris-Generaal se Samevattende Verslag* (November 2014): Die Sekretaris-Generaal sal die volle reeks van insette op die post-2015 ontwikkelingsagenda saamvat vir die oorweging van die Algemene Vergadering. Die verslag sal die beginpunt verskaf vir die inter-regering onderhandelinge.
- *Inter-regering onderhandelinge* (September 2014–Augustus 2015): Lidstaat gedrewe onderhandelinge wat lei tot die

aanneming van die post-2015 ontwikkelingsagenda, wat waarskynlik een stel globale doelwitte sal insluit om armoede uit te wis binne die konteks van volhoubare ontwikkeling. Die proses sal kulmineer in 'n hoëvlak beraad in September 2015.

Hoekom is die Post-2015 Ontwikkelingsagenda Belangrik vir Vroue?

Die post-2015 ontwikkelingsagenda sal die rigtinggewende raamwerk wees vir die volgende 15 op volhoubare ontwikkeling, samewerking en interaksie tussen en binne State. Dit is belangrik vir die ontwikkelingsagenda om konflikvoorkoming, vrede en militarisme – alles wat vroue se vermoë om ekonomies en sosiaal te floreer raak – aan te spreek. Vroue het 'n groot belang in 'n transformatiewe skuif wat bewus is van hulle uitdagings, behoeftes en verwagtinge; een wat vroue se menseregte en geslagsgelykheid aanspreek as 'n weg vorentoe.

The Post-2015 Vroue Koalisie

The Post-2015 Vroue Koalisie is 'n internasionale netwerk van feministe, vroueregte, vroue ontwikkeling, vredes- en sosiale geregtigheidsorganisasies wat werk om die globale ontwikkelingsagenda uit te daag en te herwerk, deur bevordering en bou van bewegings.

Die Koalisie wil verseker dat gesprekke vroue se multi-sektorale prioriteite reflekteer, en omraam word deur hulle materiële werklikhede. Die langtermyndoel van die Koalisie – verder as die Post-2015 prosesse – is gefokus op feministiese beweginsbou. Dit is dringend nodig vir volgehoue, deelnemende en omvattende feministiese samewerking regoor verskeie areas. Dit het die potensiaal as 'n katalis vir verandering vir die realisasie van vroue se regte en geslagsgelykheid.

Vir meer, besoek: http://www.post2015women.com

Beijing+20/CSW59

Beijing+20, of die 59ste sessie van die Kommissie oor die Status van Vroue (CSW59), is die proses om die implementering van die 1995 Beijing Deklarasie en Platform vir Aksie en die uitkomste van die 23ste spesiale sessie van die Algemene Vergadering (2000) te assesseer. Dit is tentatief geskeduleer by die Verenigde Nasies Hoofkwartiere in New York vir 9–20 Maart 2015. Beijing+20 sal diverse belanghebbers betrek, van regerings tot burgerlike gemeenskapsorganisasies en die media, in 'n meting van globale vordering wat gemaak is om die Platform vir Aksie te realiseer.

Aangesien 2015 die 20ste herdenking is van die Vierde Wêreldkonferensie, die afsluiting van die Millennium Ontwikkelingsdoelwitte, en die begin van die Volhoubare Ontwikkelingsdoelwitte, dien Beijing+20 ook as 'n ontsaglike geleentheid om te druk vir die Platform se prioritisering binne die post-2015 ontwikkelingsagenda. Dit dien dus as 'n manier om internasionale verbintenis tot vroue se gelykheid en bemagtiging te hernu.

Wat is besig om te gebeur?

Ter voorbereiding vir Beijing+20, is State aangemoedig om omslagtige hersiening te doen op nasionale vlak rakende vordering met implementering van die Platform vir Aksie en die uitkomste van die 23ste spesiale sessie van die Algemene Vergadering. Die hersiening sluit in uitdagings, tendensies en prestasies, en dek toekomsplanne vir die versnelde implementering van die Platform. State is sodoende aangemoedig om 'n breë verskeidenheid belanghebbers te raadpleeg. Vyf streekskommissies is ook in die proses om hulle eie streeksvlak-hersienings te ontwikkel en verslae op te trek wat spesifiek inter-regeringsprosesse reflekteer. Die nasionale en streekshersienings sal inskakel by 'n globale hersiening en waardebepaling wat sal plaasvind tydens die CSW59.

Die globale oorsig sal ontwikkel word deur VN Vroue in konsultasie met relevante belanghebbers, en sal dien as 'n sleutelbydrae tot post-2015 gesprekke. Dit sal tendensies identifiseer met die Platform se implementering, sleutelkwessies, en nodige aksies vir realisasie.

In die proses sal bewusmakingsveldtogte geïnisieer word om die relevansie van die Platform vir Aksie te beklemtoon, en om die internasionale gemeenskap saam te trek in die poging om vrouegelykheid en bemagtiging te bereik. 'n Beroep sal gedoen word op beide publieke en privaat skenkers om finansieringgapings in die geslagsgelykheidagenda te vul. Deur die politieke wil van alle belanghebbers te hernu, sal Beijing+20 ook 'n katalis wees vir die Platform se versnelde implementering in al twaalf kritieke areas van belang.

Raak Betrokke

Beijing+20 sal die internasionale gemeenskap oproep tot aksie rakende die Platform vir Aksie se twaalf kritieke areas van belang: vroue en die omgewing, vroue in mag en besluitneming, die meisiekind, vroue in die ekonomie, vroue en armoede, geweld teen vroue, vroue se menseregte, die onderrig en opleiding van vroue, die institusionele meganismes vir die bevordering van vroue, vroue en gesondheid, vroue en die media, en vroue en gewapende konflik. Dit dien dus as 'n groot geleentheid vir individue wat betrokke is by alle kwessies rakende vroueregte om geprioritiseer te word binne die globale agenda.

Meer inligting oor Beijing+20 is beskikbaar by: http://beijing20.unwomen.org

Buiten deelname in die hersiening (sien bladsy rakende die Kommissie oor die Status van Vroue), kan diegene wat geïntereseerd is in deelname aan Beijing+20 betrokke raak by die bewusmakingsveldtog deur sosiale media en internasionale gebeure.

Meer inligting oor Beijing+20 is beskikbaar by: http://beijing20.unwomen.org